Tafklub
Tafelberg Fotografie Klub

# Taffienuus April 2023

**Beste Tafelberg- Fotografieklub-lede**

April was weereens ’n woelige maand in ons klub. Daar was die vaardigheidsaand waar Mariana vir ons ’n paar wenke in Photoshop gegee het, die argitektuur uitstappie na Stellenbosch en die maandkompetisie. Wat die maand vir ons ook laat uitstaan het, was die hartseer nuus van die afsterwe van een van ons geliefde lede nl: Juan Venter. Hier is ’n kort huldeblyk oor hom ingesluit. Ons as klub het tydens ons kompetisieaand ’n herinneringsoomblik gehad waar almal herinneringe oor Juan met Charmaine kon deel. Aan Charmaine wil ons baie sterkte toewens en die versekering gee dat ons baie aan haar dink in die tyd.

## 1. Ons bring hulde aan Juan Venter-

Juan Venter het sy stempel afgedruk in die fotografie wêreld en hy was vir baie van ons 'n mentor en vriend. Saam met sy vrou Charmaine het hulle in 2013 by Tafelberg Photographic club aangesluit en die koers vir baie van ons in ons fotografie verander.
Hy het op die TAF-bestuur gedien en ons Voorsitter geword in 2019. Toe ek in 2020 by hom oorgeneem het, het hy uit sy pad gegaan om my met verskeie dinge by te staan en te verseker dat die klub steeds glad verloop, al het COVID ons getref en ons het om planne te maak om die klub aan die gang te hou.

Juan het ook die AV Makers-klub bestuur wat vir 'n tydperk van twee jaar uit die ORMS Bellville-ateljee bedryf is.
Saam met Charmaine het hulle Mighty Media begin en verskeie vaardigheidsnaweke en -weke regoor die land gedoen. Baie van ons het sy kursusse bygewoon wat by Cederberg, Arniston, Zimanga, Kgalaghadi, Lesotho, Drakensberg en Chobe gehou is. Sy aandag aan detail het my altyd verstom en hy het verseker dat almal die nodige aandag kry. Hy was ook 'n kranige sportman.
Hy was al die afgelope 20 jaar by fotografie/verfilming betrokke. Juan het in die laat tagtigerjare begin met 16 mm-rolprentteaters, met die verfilming van valskermspring en lugtoertjies vir die rolprent- en televisiebedryf. Hy het 'n diploma in fotografie en het verskeie honneurstoekennings van die Fotografiese Vereniging van Suid-Afrika behaal. Hy het 'n passie vir natuurlewe en landskappe gehad. Hy het ook die Mighty Men byeenkomste verfilm en sy merk daar gelaat.

Juan Venter:

- LPSSA - Color Photography
- LPSSA - AV (Audio & Visuals)
- LPSSA - Black & White Photography
- APSSA - Color Photography
- FPSSA - Color Photography

Runner up in Pangolin Photographer of the year 2020 Pro division.

Finals in Africa Geographic
Finals GetaWay Magazine 2019

Ons as klub sal hom baie mis!

*Geskryf deur- Mariana Visser*

**Ons gaan hierdie maand van sy foto's op die skyfievertoning op ons webtuiste vertoon: tafklub.co.za**

## 2. Wen-foto's van April 2023

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Theo Potgieter - Ponte De La Bande - wenner vaste kategorie** | **Quintus Heine - The Edge Tyger-Waterfront 2de vaste kategorie** |

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Theo Potgieter - Dusty Jackal - wenner ope kategorie en Maandwenner** | **Adriaan Van Zyl - Giant Kingfischer in vlug – 2de ope kategorie** |

| | |
|---|---|
|  | |
| Dixon Norval - Green Namib at Dusk - Junior wenner | |

**Baie geluk vir al die uitstekende foto's !!! Daar was hierdie maand 59 foto's ingeskyf en die standaard was baie hoog regdeur die kompetisie.** 15 Fotos het welverdiende meriete toekennings ontvang en 17 foto's het goud ontvang.

Ek moedig lede aan om hulle foto's in te skryf – Dis al hoe jy groei as iemand jou foto evalueer en jy heeltyd probeer beter doen.

**Photovault uitslae**: Ons probeer altyd die uitslae op Photovault en die Maandelikse nuusbrief so vinnig as moontlik by ons lede kry. Die persone wat dit moet doen, staan egter ook voltyds in hulle onderskeie beroepe – so dit is nie moontlik om dit vinnig af te handel nie. Ons probeer dit egter 'n week na die kompetisie afhandel. Dankie vir u begrip.

## 3. Kompetisiereëls en Stergradering

Met ons spesiale Algemene vergadering op 25 April het ons die puntetoekenning en die graderingstelsel verander om dit meer in lyn met PSSA se nuwe riglyne van 2022 te bring. Vanaf 1 Mei word ons kompetisies met 'n telling van 1-15 beoordeel op 'n glyskaal. Die volledige besonderhede sal eersdaags op die webtuiste verskyn. Ons kontroleer nog al die syfers voordat ons dit publiseer. **Ons vra lede om geduldig te wees , want julle eie graderings, en klubpunte gaan nie korrek reflekteer voor die einde van die maand nie.**

**Fotografie bly 'n plesier en stergradering is bedoel om jou eie groei te fasiliteer.**
Die verskil in gebruik van ons foto's word deur PSSA so uiteengesit:

- Foto vir Sosiale Media gaan oor "sharing"
- Foto op Klub-vlak gaan oor "learning"
- Foto op Salon-vlak gaan oor " Competition"
- Foto op Honeurs-vlak baan oor " Examination"

## 4. Klub prestasie:

Ons is trots om die volgende prestasies van ons lede deur te gee:

- **Twee lede het die maand sterbevorderings gekry:**
  Dixon Norval is nou 4 ster
  Ronel Nel is nou 4 ster

- **Uitslae van Salonne:**
  Ons het die volgende **Internasionale salon** uitslae ontvang:

  **** 1st International circuit ART FIESTA 2023: Georgia**
  Mariana Visser – 7 aanvaardings

| Nasionale salon aanvaardings | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 7th SSCC National PDI Salon | 6th RPS national PDI Salon | 23rd National Up-and-Coming | 8th PSSA National Salon |
| Neels Beyers : | 1 | (1x meriete) 4 | | (1x meriete) 6 |
| Thomas Bothe | | | | 1 |
| Philip de lange: | 1 | | | 5 |
| Christo Giliomee | 11 | 7 | | (3x meriete) 10 |
| Quintus Heine: | 1 | 2 | | 3 |
| Dixon Norval: | 5 | (1x meriete) 10 | | 6 |
| Theo Potgieter: | 6 | | | (2x meriete) 6 |
| Kobie Prinsloo: | 1 | (Category Runner Up - Club Medal) 3 | 4 | |
| Adriaan van Zyl: | (1x meriete) 3 | 1 | | |
| Karen van Zyl: | | 4 | | |
| Mariana Visser: | 3 | (1 x meriete) 8 | | 3 |
| Ronel Nel | | | 2 | |

Baie geluk met almal se prestasies – Ons is trots op julle
Spesiale gelukwense aan Kobie Prinsloo wat 'n medalje by RPS salon gewen het.

## 5. Mei se Byeenkomste

- Die volgende vaardigheidsaand is **Dinsdag 9 Mei** Die spreker is: Hendrik Louw gesels oor Makro fotografie. Let asb. daarop dat ons nie bymekaarkom by Logos nie , maar dat dit 'n Zoom byeenkoms is . Die aanbieder is in Gauteng en daarom gaan almal die aand Zoom. Die Zoom skakel sal betyds gestuur word .
- Die fotografie uitstappie is **13 Mei** by Babylonstoring waar lede kans kry om jou makro -fotografie te oefen. Laat weet vir Juliane as jy wil saamgaan op klub se whatsapp groep
- Die Mei kompetisie is **23 Mei** en die sluitingsdatum is **17 Mei**

## 6. Interessante artikels oor Makrofotografie:

Hier is 'n paar interessante skakels waarna jy kan kyk:
Makrofotografie kan lekker by die huis ook gedoen word. Hier is 'n paar wenke:

- https://photographylife.com/macro-photography-ideas-home
- Beginnersgids vir makrofotografie: https://visualeducation.com/macro-photography-tips-to-take-better-macro-pictures/
- https://amateurphotographer.com/technique/macro_photography/top-macro-photography-tips/
- Juliane het ook 'n paar ander webtuistes se wenke op die whatsapp groep gedeel- kyk gerus!

## Ten slotte:

*Onthou: Neem baie foto's !! As jy nie foto's neem nie – kan jy nie groei in jou fotografie nie!*

**Vriendelik Groete**

**Quintus**